

5 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 1:1-31

Fokusgedeelte: Genesis 1:31

Getuienis van God se werk: Goed

Een van die heel wonderlikste dinge wat jy geniet om te doen is om, nadat jy 'n werkstuk voltooi het, terug te staan, daarna te kyk en te verklaar: Goed gedoen! Daar is niks lekkerder as om skeppend besig te kon wees en van jou eie handewerk te geniet nie. Maar as jy werklik baie eerlik is en jy kyk deur 'n vergrootglas na jou eie handewerk, dan kom jy agter hoe nader jy na 'n mens se beste werke kyk, hoe meer sien jy die gebreke daarin raak.

Selfs in ons gebroke skepping is dit anders met die werke van God: Hoe nader jy na God se werk kyk, hoe meer sien jy die perfeksie daarin raak. 'n Mikroskopiese ontleding van 'n DNA-molekule laat jou verbaas staan voor die "Ontwerper" van daardie wonder voor jou oë. Wanneer God terugkyk oor ses dae se skeppingswerk en alles volledig deursien wat Hy gemaak het, verklaar Hy: Dit is goed. Alles is deur God baie goed gemaak, presies net soos Hy dit in sy gedagtes beplan het. Alles het aan die doel beantwoord waarvoor God dit geskape het. Alles was volledig diensbaar vir die mens wat God as sy verteenwoordiger en regeerder oor die skepping gestel het. Alles was goed, omdat alles God in sy ontwerp en perfeksie verheerlik het.

God rus op die sewende dag van al sy werke. Sy rus word jou opdrag: Maak tyd om gereeld te rus van al jou eie werk, sodat jy tyd het om God se werke regtig raak te sien en te oordink. Verheerlik Hom elke dag van die week deur oor sy werke te heers! Die hoogtepunt van sy werk het in Jesus Christus gekom.

Sing: Psalm 19:1 (1936)

Ds. DJ Bakker (Boksburg)